

DIE HOORN - 28 NOVEMBER 2019

SAAK BY ARBEIDSHOF INGEDIEN



Van links wys Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum), Gregg Fick (leier van FINSA) en Sandra Laing hul steun vir PARC. Laing het groot trauma in haar lewe ervaar as gevolg van rasse-klassifikasie. Foto's verskaf

'N UITEENLOPENDE groep mense het hul steun aan die organisasie People Against Race Classification (PARC) toegesê, 'n organisasie gestig deur Glen Snyman van Oudtshoorn. Snyman het in Oktober 'n saak in die Arbeidshof aangehangig gemaak teen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die nasionale Minister van Onderwys waarin hy vra dat die "kleurling"-rasblokkie op dokumente verwyder moet word.

Hy sê hy beoog om homself in die hofspraak te verteenwoordig en glo die saak kan nasionaal en internasionaal aandag trek. **"Ek wil hê die regter moet besluit watter BEE-rasblokkie Sandra Laing en haar kinders moet merk."**

Laing (63) wat telefonies aan Snyman gesê het dat sy hom steun en dat daar nie "rassegoete" moet wees nie, het baie trauma in haar lewe ervaar as gevolg van rasseklassifikasie. Sy is in 1955 gebore as die dogter van Sannie en Abraham Laing wat as "blank" geklassifiseer was. Sandra is egter as "kleurling" geklassifiseer op grond van haar velkleur en hare en op 11 jaar uit haar wit skool gesit. Sy is toe ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 as "swart" geklassifiseer, Na 'n lang hofgeding het haar pa daarin geslaag om haar weer as "blank" te herklassifiseer. Toe Sandra egter op 16 jaar die huis verlaat en met 'n swart man trou, is hul twee kinders as "kleurling" geklassifiseer en het die staat gedreig om haar kinders van haar weg te neem as sy haar nie as "kleurling" laat klassifiseer nie. Sy doen dit op 21 jaar om haar kinders te kon behou.

- Ander bekendes wat hul steun toegesê het aan PARC, is Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum wat sê hy is nie wit nie, maar etnies 'n Afrikaner van Suid-Afrika; en ook Gregg Fick, leier van die gemeenskapsgroep die First Indigenous Nation South Africa (FINSA) wat sê hy is nie 'n bruinmens nie, maar etnies 'n KhoiKhoi en geografies 'n Suid-Afrikaner. Volgens Fick "verafsku" FINSA die benaminge "kleurling" en "coloured" en wil hy die hof nader om dié benamings te verbied.

"Dis 'n vernederende identiteitsnaam wat net verwarring veroorsaak en nie toelaat dat die KhoiSan-groepe regmatige identiteitserkenning kry in die land nie."

- Vir meer inligting oor PARC en opdatering van die hofdatum gaan na www.parc.co.za

Deur Liesel le Roux